

13 November - TREUR

**Skrif- en Fokusgedeelte: Matteus 5:4;
2 Korintiërs 7:2-11**

Die grondbetekenis van die Griekse woord vir treur, is om te roep. Wie treur, roep na troos. Treur is 'n emosie wat in die hart ontspring en die hele wese van die mens vul, sodat dit tot uitdrukking kom in sugtende woorde.

'n Mens kan aanvoel dat Jesus nie bedoel dat alle mense wat treur, geseënd is nie. Uit Paulus se woorde kan ons aflei dat daar 'n wêreldse en 'n Bybelse manier van treur.

Die verskil lê in die gerigtheid daarvan. In die wêreldse treur is die mens die fokus van die hartseer. Daarom word dié hartseer gekenmerk deur selfbejammering. Die wêreldling betreur die feit dat sy omstandighede hom soveel verdriet kon besorg. Dikwels gaan hierdie treur dan ook oor in bitterheid, verwyd en opstand.

Hierteenoor is die treur waarvan Jesus praat, gerig tot God. God word geroep om te kom troos. Die tweede saligspreking vloei uit die eerste een voort. Die mens wat hier treur, het reeds onder die indruk gekom van sy totale afhanklikheid van God.

Hierdie mens treur, omdat hy besef dat hy nie sonder God kan nie en tog verwyder is van God deur sy sonde. Hy is nie net hartseer oor die gevolge wat die sonde in sy lewe veroorsaak het nie, maar is juis hartseer oor die verdriet wat hy God aangedoen het.

Elkeen wat van harte treur oor die sonde, ontvang in Christus die wonderlike belofte: Jy sal vertroos word! Al jou tranes van verootmoediging is nie verniet gestort nie. Soos reëndruppels sal dit blomme van vreugde voortbring.

Hierdie is Jesus vir die treurendes die Waarborg. Hy wat deur die vroue van Jerusalem betreur is, het deur sy lyding, dood en opstanding vir ons ware troos verwerf. Hy neem immers dit waaroor ons treur, weg: ons sonde en ons verwydering van God.

Daarom het ons steeds die vrymoedigheid om na God te gaan en in Jesus se Naam vergifnis te vra.

Sing: Skrifberyming 3-3:1-3

Ds D Pansegrouw (Oos-Londen)